

Christus sluit ons in sy liefde as God vir ons in. So laat Hy ons liefde van mag onderskei.

ds. PJ Kriel

25.11.2017

Inhoud. Hierdie preek wys dat Christus is God. Hy is nie goddelik soos die Jode Hom van beskuldig het nie. Dit is juis omdat hy nie goddelik is, dat hulle Hom nie aanvaar nie. Die eer wat mense vir mekaar gee is om mekaar as mense lief te hê soos hulle God moes liefhê, met hul hele hart, siel, verstand en al hul krag. Daarom het hulle nie hierdie liefde vir God nie, want hulle het dit vir mekaar. Christus sluit ons weer in in die liefde van God sodat ons God se liefde ken en glo. Omdat ons God se liefde ken en glo, kan ons nie die eer wat mense vir mekaar gee of gee of ontvang nie. Ons gee aan die Seun die eer dat Hy ons insluit in God se liefde en ken mense as ons naaste. Mense soos ons wat ons as mens liefhet nes soos ons self, nie soos God nie.

Skriflesing Joh.5: 18 – 47; 1 Joh. 4:7-11;15,16.

Teks Joh. 5: 33 Daarom moet almal die Seun eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer ook nie die Vader wat Hom gestuur het nie.

Tema Christus sluit ons in sy liefde as God vir ons in. So laat Hy ons liefde van mag onderskei.

1. In Johannes 5: 18 en 8: 58, 59 kry ons die rede hoekom die Jode Christus doodgemaak het. Hulle het Jesus doodgemaak omdat Hy God met sondaars is, omdat Hy God is wat mens geword het om onder sondaars te kom woon. (1:14) Dit stel die Jode ook uitdruklik as die rede hoekom hulle Jesus doodmaak: “⁷ Die Jode sê toe vir hom (Pilatus): Ons het ’n wet, en volgens dié wet moet hy dood, omdat Hy Hom as Seun van God voorgedoen het.”

Dit is die ironie van wie Christus is en wat Hy doen en wat die Jode wil hê Hy moet wees, wil hê Hy nie mag wees nie en wat hulle met Hom doen en nie doen nie.

As Jode wil hulle hom doodmaak omdat Hy sou voorgee dat Hy God is en hy is nie God nie. Daarom voel hulle dat hulle God se wet moet gehoorsaam en volgens God se wet iemand wat homself as God of goddelik voordoen, moet doodmaak tot eer van God. Hulle voel geregverdig om Christus dood te maak, want hulle glo hulle verdedig die eer van God teen ’n mens wat homself as goddelik voordoen.

Die ironie van hulle optrede teen Christus is egter dat hulle God nie wil ken of toelaat om God te wees wat deur mens te word, onder sondaars woon nie. Dit is die werklik drif waarmee hulle Christus dood wens en dood begeer in hoofstukke 5 en 8, en dan werklik dood maak in Hoofstuk 19. God mag nie mens wees wat onder ons woon nie, so ’n God moet doodgemaak word!

2. Christus stel hierdie ironie aan die orde deur die tipe eer wat mense aan Hom wil gee, te verwerp. Christus aanvaar nie wie mense Hom in hulle lewe wil laat wees en

Christus sluit ons in sy liefde as God vir ons in. So laat Hy ons liefde van mag onderskei.

watter betekenis hulle aan Jesus in hulle lewe wil gee nie. Hy verwerp dit in hierdie woorde: “Ek is nie gesteld op die eer wat mense gewys nie.”(5: 41)

Jesus wou nie die Messias wees wat die Jode wou gehad nie en Hy wou nie die eer, lof, dank en verheerliking aanvaar wat hulle aan Jesus wou gee nie.

In Jesus se lewe op aarde het baie Jode aan Hom eer gegee. Hulle het Hom geëer as een van die groot profete van die Ou Testament soos Jeremia, as Johannes die Doper wat uit die dood uit opgestaan het, as 'n krag van God, en nog baie ander eerbetonings.

Dit is hierdie eerbetonings wat Christus noem die “eer wat mense” bewys, en dit verwerp. Daarmee verwerp Christus alle betekenis wat mense aan Jesus in hulle lewe gee en verwerp hy ook wie mense wil hê Hy in hulle lewe moet wees.

3. Die rede hoekom Jesus hierdie eerbetoning van mense vir Hom verwerp stel Hy in 5: 44 só: “Hoe kan julle ook in My glo terwyl julle gesteld is op die eer wat julle van mekaar ontvang, en nie die eer soek wat van die enigste God af kom nie?” (5:44)

Die woord “eer” in hierdie stelling beteken nie maar net sommerkennings gee, soos 'n mens erkenning aan iemand gee vir wie hy is en wat hy doen nie. Die “eer” waarop mense ingestel is om van mekaar te ontvang, is die eer wat mense vir God moes gee. Mense is ingestel om aan mekaar die eer te gee, wat mense vir God moet gee.

Dit is die hele bedryf van vergoddeliking en vergeesteliking van mense met mekaar. Dit is wat nie net in elke afgodsdienst in die tyd waarin die Here op aarde geleef het plaasgevind het nie, maar ook in die hele Joodse geestelike bedryf. Mense vergoddelik mekaar.

4. Hoe?

Dit sien 'n mens in hoe mense die Tien Geboë omkeer. Volgens die wet van God moet ons God met ons hele hart, siel, verstand en al ons krag liefhê. Dit is die eer wat God toekom: algehele en volkome liefde. Die eer wat mense toekom is liefde soos jouself! Om mense as mense lief te hê beteken altyd gelyke liefde waarin ek en jy altyd dieselfde is! Saam mens vir en met mekaar.

Vergoddeliking van mekaar vind plaas waar mense mekaar liefde gee soos dit God toekom. Soos die Here dit duidelik stel: “Ek ken julle en Ek weet dat julle nie die liefde vir God in julle het nie.” (5: 42) Die liefde wat hulle vir mekaar het, is die liefde wat God toekom. Die algehele en volkome liefde van jou hele hart, siel verstand en al jou kragte, het mense nie vir God nie. Daarom het hulle nie die liefde vir God in hulle nie. Hierdie eer gee hulle aan mense!

Christus sluit ons in sy liefde as God vir ons in. So laat Hy ons liefde van mag onderskei.

As hulle hierdie eer aan mense gee, watter eer gee hulle dan aan God? Hulle het God lief, nes soos hulle self, met 'n liefde waarin ek en God altyd dieselfde is. Dit doen ons wanneer in ons in algehele en totale liefdes vir mekaar, vir God dan net 'n plek gee in ons lewe.

5. Mense kan God nie eer nie, want hulle gee sy eer vir mekaar. Hulle gee aan mekaar as mense die liefde wat God toekom en onteer God met die liefde wat mense toekom!

Dit is hoekom Jesus die eer van mense verwerp!

Hierdie liefde wat mense nie vir God nie, maar vir mekaar het, is nie 'n vae, veraf of onbekende geestelike houding wat net sekere mense raak nie. Dit is die wyse waarop mense elke dag met mekaar besig is.

- Ek leef net vir my kinders en kleinkinders!
- Ek en my geliefde leef net vir mekaar!
- Ek leef net vir my werk!
- Ek leef net vir my geluk, plesier, welvaart en welsyn!
- Ek leef net vir my mense!

Met hierdie geloofbelydenisse verbind mense hulle aan mekaar om met hulle hele hart, siel, verstand en al hulle kragte in mekaar op te gaan. Meestal word dit nie so bely nie, maar dit word so geleef. Hierdie is die wyse waarop mense nie die liefde vir God in hulle het nie, want hulle het liefde vir mekaar!

Dit is niks anders as geleefde goddeloosheid nie.

6. So soek hulle na totale verhoudings met mekaar waarin hulle algeheel in mekaar opgaan. Dit is ook die verhouding waarin mense met die staat wil leef en die politieke leiers wil hê mense moet met die staat leef! Algeheel, met hele hart, siel, verstand en alle kragte toegewy aan die staat.

Daar was die vorige week 'n verslag oor Noord Korea. Mense, van jong kleuters tot ou mense, is blind omdat daar nie dokters is wat hulle katarakte kan verwyder nie. 'n Groep buitelandse dokters het toe 4000 mense se katarakte gaan verwyder. Toe hulle een se reaksie vra op hoe voel dit om weer te kan sien, verklaar sy toe: "Ek is net so dankbaar dat ek nou weer my leier Kim Jong Un se foto kan sien" en toe gaan staan sy met hande in gebed voor sy foto en dank hom dan sy weer kan sien.

"Met my hele hart, siel, verstand en krag het ek die staatsleier en staat lief! "Dit is 'n ook 'n groot werklikheid van die liefde van mense in ons land vir die staat. Die liefde van God nie in hulle harte nie, omdat daardie eer hulle vir en aan mekaar gee!

Christus sluit ons in sy liefde as God vir ons in. So laat Hy ons liefde van mag onderskei.

7. Maar die Jode het juis Jesus doodgemaak omdat Hy homself met God sou gelyk gestel het, bedoelende Jesus het Homself as goddelik gesien, geglo en voorgehou!

Dit is egter juis die ironie in hulle optrede. As dit so sou wees, sou hulle Hom nie doodgemaak het nie. Dit is juis die karakter van hulle eie hart en siel om hierdie eer vir mekaar te gee. Hulle gee juis hierdie eer aan rabbi's en rabbi's soek hierdie eer om:

- “vader” genoem te word, bedoelende om 'n geestelike vaderfiguur te wees waarvan mense geestelik volkome afhanklik is vir God se liefde;
- leier genoem te word, bedoelende om goddelike leiding van hierdie geestelike te ontvang;
- leermeester genoem te word, bedoelende om God se wysheid van hierdie geestelike leier te ontvang. (Matt. 23: 8-10)

Daarom stel die Here dat “As iemand anders in sy eie naam kom, sal julle hom aanvaar.” (5: 43) As Jesus gekom het om goddelik te wees en mense te leer hoe om, of afhanklik van sy goddelikheid te leef, of soos Hy goddelik te leef, sou hulle Hom nie doodgemaak het nie. Hulle sou Hom gevolg het. Want om goddelik te leef is hoe mense in elk geval elke dag leef en wil leef. Dit is juis die eer wa mense vir mekaar gee. Sonder dat hulle aan God die eer gee om Hom met hulle hele hart, siel, verstand en al hulle kragte lief te hê, wil hulle mekaar so liefhê!

8. Watter eer het Christus wat anders is as die eer wat mense graag aan geestelikes wil gee?

Christus stel dit in hierdie woorde: “Daarom moet almal die Seun eer net soos hulle die Vader eer. Wie nie die Seun eer nie, eer ook nie die Vader wat Hom gestuur het nie.”(5: 23)

Watter eer bring ons aan God die Vader?

Ons eer Hom dat Hy God die Skepper is. Hy het alles uit niks gemaak nie en onderhoud alles volgens sy almag. Hy versorg ons, bewaar ons, bestuur ons lewe en vervul sy doel met ons in sy raadsplan. Daarom beteken die woorde van die Here dat ons Hom as die Seun net soos die Vader moet eer, dat ons Christus alle eer moet gee wat God alleen toekom.

Hy is nie 'n goddelike mens nie. Hy self is Skepper en Onderhouer van alle dinge. So word Christus in die eerste verse van die Johannes evangelie aangekondig: “In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. Hy was in die begin reeds by God. Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie. (verse 1-3) En in vers

Christus sluit ons in sy liefde as God vir ons in. So laat Hy ons liefde van mag onderskei.

14 hoor ons hierdie Woord is Christus self: “Die Woord het mens geword en onder ons kom woon.”

Christus is van die begin van die skepping saam met die Vader ook self Skepper. Die eer van Christus is dat Hy self God is. Wie Christus nie as God eer nie, eer God glad nie. Jy kan nie aan God eer gee so asof jy nie in Jesus kan glo as God nie. Hy, Christus, is self God en wie nie in Hom as God glo nie, glo glad nie aan God nie. Daar is nie buite Christus 'n God as as God vereer kan word nie.

9. Wie wys dat dit so is?

Wat Christus hier sê dui in teen baie van die algemene geestelikeheid van ons dag. Ons hoor aanhoudend dat ons vir Jesus moet getuig, en dit is ook sy opdrag dat ons dit moet doen. Ons moet egter nooit die fout maak dat die Here op ons getuigenis oor Hom staatmaak om te bewys dat Hy Here en God is nie.

Jesus stel dat oor Johannes se getuigenis dat Hy die Messias is, Hy nie op Johannes se getuigenis steun nie, al is alles wat hy oor Jesus gesê het die waarheid. Die getuigenis wat bewys dat Christus God is, is nie mense se vertellings oor Christus nie. Dit is die werk wat Christus doen en God die Vader self. Hierdie werk van die Here is sy geboorte as mens, sy lyding onder die oordeel van die Vader, sy kruisiging, sterwe en opstanding as mens uit die dood.

Hierdie werke wat die Here doen, is die werke wat nog groter is wat Hy vir die Jode sê hy gaan doen en waaroor hulle verbaas sal staan. Hierdie werke self is die bewys dat Hy God is. Daar is geen ander menslike bewys dat Hy God is nie. Sy eie werke in sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding wys self Hy is die Seun wat die Vader stuur.

Die Vader self openbaar en bevestig self dat hierdie werke is hoe God, die Vader en Seun mense weer vry van sonde insluit in God se liefde. In hierdie werke openbaar die Vader dat Hy nie sondaars straf, oordeel, vervloek, laat boet of verwerp nie, maar as sy verheerlikte kinders aanneem.

10. Net die Vader en die werke wat Jesus deur sy geboorte, lyding en opstanding doen, bewys en bevestig dat Christus self God is. Want God die Vader openbaar as God dat alles wat Christus as Seun van God doen, is wat Hy self as Vader ook doen.

Ons mag nooit die fout maak dat hierdie woorde beteken Jesus doen wat die Vader vir Hom wys wat en hoe om dit te doen, so asof Jesus die Vader nadoen as voorbeeld nie.

Hierdie woord beteken dat alles wat ons sien en hoor wat Christus doen, is wat die Vader doen, want God die Vader en Jesus as God die Seun, is Een God. Wat

Christus sluit ons in sy liefde as God vir ons in. So laat Hy ons liefde van mag onderskei.

Christus in sy lyding en opstanding vir ons doen, is wat die Vader besig is om vir ons te doen en andersom.

Christus se heilswerk wys wat Hy doen, is wat die Vader doen! God openbaar en bevestig alles wat Hy is en doen deur dit wat Christus in sy lyding en opstanding vir ons doen. Dit is al getuigenis waarop Christus staatmaak om te openbaar Hy is God: Sy werke en die Vader wat bevestig dit is wat die Vader self doen.

Daarom mag daar geen geestelike vertellings oor God in die kerk wees wat wil bewys en bevestig dat Christus God is nie. Christus self steun nie op hierdie vertellings nie. Hy gebruik ook nie hierdie vertellings om Homself te openbaar nie. Sy werke en sy Vader bevestig wie Hy is: God die Seun.

Wie wys dat Christus God is? Sy werke om vir ons sondes te ly en op te staan en God die Vader wat ons hierdeur insluit in sy liefde. Niemand en niks anders wys dit nie.

11. Die grootste fout wat ons oor God se liefde kan maak, is dat Jesus vir ons kom wys het hoe om God te eer!

Wanneer ons dit doen, dan het ons net weer menslike eer aan Jesus gegee. Die tipe eer wat Jesus self verwerp en nooit aanvaar nie.

Christus het ons nie kom wys hoe om God te eer nie. Die werklik probleem met ons eerbewys aan God is nie onkunde nie, maar ons sondige aard om die liefde wat God toekom, algehele en totale liefde vir mekaar te gee. Ons doen dit nie omdat ons nie weet dit moet nie so wees nie. Ons doen dit, want dit is die enigste liefde wat ons ken en wil ken: om op mekaar beslag te lê, mekaar te beset en te besit. Dit is die karakter van hierdie tipe liefde waar ons mense liefhet soos ons God moes liefhê. Dit is mag wat beslag lê op 'n ander mens, mag wat 'n ander mens beset en mag wat 'n ander mens besit wat as liefde voorgeleef word.

Die evangelie is dat Christus wat God is, mens geword het. Nie om ons nuwe geestelikhede te wys of God nader te bring as mens omdat God so ver weg is wanneer en omdat Hy God is nie. Die evangelie gaan oor Christus wat ons God se liefde laat ken en glo. 'n Liefde wat anders is as die wyse waarop ons mekaar algeheel wil omhels en besit. 'n Liefde wat werklik God se liefde, en nie die goddelike liefde is waarmee mense mekaar opeis en besit nie.

Johannes beskryf die wat mens is in ons plek in sy brief só: "Hierin is die liefde van God geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy bewys het deur sy Seun te stuur as versoening van ons sonde."

Christus sluit ons in sy liefde as God vir ons in. So laat Hy ons liefde van mag onderskei.

12. Dit is die wyse waarop ons Christus die eer gee wat ons ook aan die Vader gee: wanneer ons in wie Christus is en wat Christus deur sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding as mens doen – God se liefde ken en glo!

Eerbied vir God is nooit om die omvang, die diepte, die grootheid van sy mag en werke te ken en Hom daarvoor erkenning te gee nie. Gewoon net om dat ons as mense nooit God se grootheid en almag naastenby kan peil nie.

Toets dit met die voorbeeld van ouers en kinders! Wat is die eer wat u as ouers van u kinders verwag? Dat hulle moet weet wat dit u gekos het om vir hulle ouer te wees? Hoe u vir hulle voorsien het voor hulle nog gebore was en wat u alles ingesit het om vir hulle te sorg? Hulle kan dit nooit weet of peil nie! Hulle kan jou nooit die erkenning daarvoor gee nie. Die eer wat ons van ons kinders soek – is liefde! Nie die verwondering oor ons mag nie!

Dit is die eer wat gelowiges aan Christus gee. Wie Hy is en wat Hy doen, is wie God self is en wat God self doen. Dit ontdek ons in sy geboorte en lewe as mens in ons plek. In alles wat Hy is en vir ons doen, van sy geboorte tot sy hemelvaart, ken ons die liefde van Hom as God, die Seun en glo ons in die liefde van Hom as God vir ons, die Seun. Hy is werklik die liefde wat God vir ons het, want Hy is self God!

Om Christus te eer soos die Vader klink só: “Wie bely dat Jesus die Seun van God is – God bly in hom en hy in God. En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin.”(1 Joh. 4: 15,16)

12. Kan u sien hoekom verwerp Christus alle menslike eer betoning? Hoekom verwerp Hy dat mense aan Hom betekenis in hulle lewe wil gee of Hom 'n plek in hulle lewe wil gee?

Die plek wat en betekenis wat mense aan Jesus in hulle lewe wil gee, is om Hom die een te maak wat hulle manier van liefde: om beslag te wil lê op mekaar, om mekaar te beset en mekaar te besit, as goddelike liefde te sanksioneer. Mense mag mekaar met mag opeis en met mag oorheers asof hulle mekaar lief het met hulle hele hart, siel, verstand en al hulle krag. Mense mag só op mekaar beslag lê en aan mekaar behoort. Dit moet Jesus sanksioneer.

Want as jy die een is wat aan Jesus 'n plek in jou lewe gee en aan Hom betekenis gee in jou lewe, dan is dit nooit om te glo dat Hy God is en Hy God is wat jou in sy liefde insluit deur vir jou mens te wees in jou plek nie. Mense wil nie glo in God wat mens is in hulle plek om weer as mens in God se liefde te leef nie.

Hulle wil God 'n plek gee in hulle lewe om beslag te lê op die krag, die lewe en mag van God en dit as hulle eie krag, lewe en mag ervaar. Net soos hulle op mense beslag lê, wil hulle God aanneem en besit.

Christus sluit ons in sy liefde as God vir ons in. So laat Hy ons liefde van mag onderskei.

Daarom noem mense gewoonlik hulle beslaglegging op God binne in hulle lewe, “ek het God aangeneem”, bedoelende en nou besit ek met God in my lewe, sy krag, lewe en mag wat deur my werk.

Menslike eerbetoning vir Jesus: Hy gee ons die weg om op God se lewe, krag en mag in ons lewe beslag te lê! Jesus verwerp hierdie eer wat mense aan Hom gee. Want dit is die tipe eer wat mense in hulle sondige drif om op mekaar beslag te lê en mekaar te besit, aan mekaar gee.

13. Christus skep in ons die kennis en geloof in 'n ander eer as die wat mense vir mekaar gee! Hy gee in ons die kennis dat Hy self God is. Hy gee in ons die kennis dat Hy God is wat mens is in ons plek sodat Hy ons weer aan ons ware menslikheid kan verbind – om God met ons hele hart, siel, en verstand lief te hê, en ons los te maak dat ons ons naaste so sal liefhê en Hom ook net soos nog een van ons naaste sal liefhê.

Dit doen Hy deur as God in te sluit in werklike liefde. Die werklike liefde van God vir ons as mense. In hierdie werklik liefde wat ons deel en in leef, herken ons ons eie manier van liefde as nie werklike liefde nie. Ons herken dit as die sug vir mag oor mense en God!

U moet gerus weer kyk na Johannes 5: 44 en die teenstelling wat binne in hierdie vers gestel word! Hoe kan julle in My glo terwyl julle ingesteld is op die eer wat julle van mekaar ontvang en nie die eer soek wat van die enigste God af kom nie?

Wat is die inhoud van hierdie teenstelling: die eer wat mense vir mekaar gee en die eer wat van God af kom? Die teenstelling moes eintlik só gelees het: die eer wat mense vir mekaar moet gee teenoor die eer wat hulle vir God moet gee.

Nou is dit egter nie die verskil tussen die eer wat mense vir mekaar gee teenoor die eer wat hulle vir God moet gee nie. Dit is die eer van mense vir mekaar en die eer wat God vir mense gee! Dit is die eer van mense wat van God af kom!

Watter eer gee God aan mense?

Hy gee aan hulle die eer dat Hy God is wat hulle liefhet en dat net in Hom hulle God se liefde kan ken en glo. Hy gee aan hulle die eer dat hulle deel is van die werklike liefde van God, nie net 'n ervaring van liefde wat hulle vir hulle self opgemaak het nie. Hy gee aan hulle die eer dat Hy as God saam met hulle mens in hulle sonde is sodat hulle mens kan wees vir God sonder sonde.

Wie hierdie liefde ken, Christus is God wat ons liefhet, kan nooit weer die wyse waarop mense algehele liefde in mekaar as mense soek en gee as liefde ken en glo

Christus sluit ons in sy liefde as God vir ons in. So laat Hy ons liefde van mag onderskei.

nie. Wie hierdie beslaglegging, besetting en besit van mekaar as mens as liefde glo en God ook wil besit en beset met hierdie magsdrif, kan nie in die liefde wat Christus as God glo nie.

Wie Christus ken as God wat mens in ons plek is, breek met die eer wat mense in mekaar soek en is weer 'n mens wat sy naaste liefhet soos homself: 'n sondaar mens wat God se liefde ken en glo. 'n Sondaar mens wat mense as mense liefhet!

Liefde wat gegee word en waarop gereken kan word, nie oorgawe aan die beslaglegging en besit van mekaar nie.

Alleen deur te deel in die liefde wat God die Vader vir ons het, in en deur Christus, sy Seun, ken ons die liefde wat God vir ons het en glo in God se liefde. Omdat ons God se liefde ken, kan ons nooit weer hierdie liefde van God, ken en glo as liefde wat ek vir ander mense moet hê of liefde wat ek van ander mense moet ontvang nie.

Wie deel is van die liefde van die Vader en die Seun, ken mense se liefde as gewone naaste liefde, mense se liefde vir mense naby hulle. Hulle kan nooit weer algehele en totale liefde in mekaar as mense soek om te gee of te ontvang nie.

Daarom verbind die apostel Johannes altyd God se liefde aan naasteliefde. Bedoelende dat wie God se liefde ken, sal weer sy naaste kan liefhê met die eer wat God aan hom of haar as mens gee om mens vir God te wees. Wie in ingesluit is in God se liefde, kan nooit weer glo in die eer wat mense vir mekaar gee: algehele en totale liefdes van mense vir mekaar nie.

Hierdie liefde ken ons as die Seun en Vader se liefde vir ons en onderskei ons van die eer wat mense vir mekaar gee.

Christus sluit ons in sy liefde as God vir ons in. So laat Hy ons liefde van mag onderskei.

Uitlegnotas

- Johannes 5: 19 – 47 gaan oor die openbaring dat Jesus self God is, volgens 1:1 In die begin was die Woord en die Woord was by God en die Woord was self God. 1:14 Die Woord het mens geword en onder ons kom woon.
- vers 23 stel die eer van Christus as die eer wat God self toekom.
- Christus doen wat die Vader doen omdat Hy een met die Vader is, nie omdat hy die Vader nadoen of aan die Vader gehoorsaam is nie.
- Christus se gesag is God se eie gesag, nie omdat dit aan Hom verleen word nie, maar omdat Hy self God is.
- Christus se eenheid met die Vader is liefde. In hierdie eenheid doen Hy wat die Vader aan hom openbaar.
- Jesus is God wat lewe gee en lewe neem, “Alles het deur hom tot stand” gekom.
- Vader nie oordeel maar Christus, bevestig weer Jesus is God.
- Kan nie eer vir God hê, as jy Christus nie eer vir wie Hy is nie.
- Wie glo in God die Vader moet glo Jesus is ook God.
- Christus is God wat mense weer uit die dood uit opwek om net soos Hy self mens is weer mens te wees.
- Wat Christus doen, is wat God die Vader self wil doen.
- Vader openbaar Christus, nie mense nie. Getuig – nie bekend maak nie, maar net waarheid vertel. Christus is volle openbaring van wie God is.
- Christus is nie soos mense Hom eer toedig nie. Hy is soos Hy is – God!
- Joh. 8: 54 – 58: Exodus 3: 14.
- Joh. 5 vers 18 en 8:58 gaan oor Jesus wat God is en doodgemaak gaan word omdat Hy God met ons is. Dit is die betekenis van Christus se lyding en sterwe – die Jode maak hom dood omdat Hy God met sonde is.